# Alta Du Buisson Roux CV

Ek het op ’n plaas waar die huidige Kendal Kragsentrale staan, grootgeword. Na matriek aan Ogies Hoërskool, het ek vir sewe maande by Barclays Bank gaan werk – die langste sewe maande van my lewe. In 1974 getroud met Andries Roux, en gaan boer naby Arnot Kragstasie. Woon tans tussen Hendrina en Ermelo. Twee kinders; my man en my skoonseun boer saam; hulle woon op die buurplaas en ek sien my twee kleinkinders gereeld. My seun is ongetroud en is predikant op Hendrina. Baie belangstellings, soos kuns, musiek, lees … maar so 25 jaar gelede het ek ’n ernstige kwaal ontwikkel en al hoe sieker geword; hoe sieker ek word, hoe beter voel ek. Die siekte se naam is *genealogie*. In 2003 het ek die Du Buissonregister gepubliseer, en die Pieters/e/nregister in 2016. Is tans besig om die *Rouxboek* van Johannes van der Bijl oor te doen. Nou suig ander stokperdjies maar aan die agterspeen



Alta Du Buisson Roux
2021-11-13